SABS 1398	Road tank vehicles for flammable liquids.
SABS 1475: Part 1	The production of reconditioned fire fighting equipment, Part 1: Portable rechargeable fire extinguishers.
SABS 1518	Transportation of dangerous goods — Design requirements for road tankers.
SABS 1571	Transportable rechargeable fire extinguishers.
SABS 1573	Portable rechargeable fire extinguishers — Foam type extinguishers.

P.K. 342/2006

27 Oktober 2006

STANDAARDVERORDENING OP GEMEENSKAPS BRANDVEILIGHEID**INHOUDSOPGAW*****Aanhef******Doel, bestek en toepassing van hierdie Verordening***

1. Woordomskrywing
2. Administratiewe bepalings
3. Brandbeskerming van geboue
4. Brandveiligheidstoerusting
5. Openbare veiligheid
6. Huishouding
7. Brandgevaar
8. Vlambare stowwe
9. Vervoer van gevaarhoudende goedere
10. Algemene bepalings

BYLAE 1 (Herroeping van wette en voorbehoudsbepalings)

BYLAE 2 (Vorms)

BYLAE 3 (Toepaslike wetgewing)

BYLAE 4 (SABS Praktykkodes en Spesifikasies)

Aanhef**Die Munisipale Raad van die OVERSTRAND MUNISIPALITEIT erken—**

- Dat elkeen die grondwetlike reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir hulle veiligheid of welsyn is nie;
- Dat verliese as gevolg van brand en die gevolglike ekonomiese en maatskaplike gevolge vir mense, eiendom en infrastruktuur onnodige ontbering veroorsaak;
- Dat die beskerming van alle sektore van die gemeenskap teen brand 'n belangrike aspek van die ontwikkeling en volhoubaarheid van die ekonomie en omgewing is;
- Dat sekere aspekte van die daaglikse bestaan op so 'n wyse beheer moet word dat die gevolge van brand vir die gemeenskap as geheel voorkom en verminder kan word;
- Dat die gemeenskap 'n deurslaggewende rol het om te speel ter verwesenliking van die oogmerke van hierdie Verordening, en

- Dat die voordele van 'n brandveilige omgewing vir almal toeganklik moet wees.

Doel en toepassingsbestek van hierdie Verordening

Die doel en toepassingsbestek van hierdie Verordening is—

- Om die verwesenliking van 'n brandveilige omgewing te bevorder tot voordeel van alle persone binne die regsgebied van die Munisipaliteit;
- Om alle bestaande tersaaklike verordeninge van die Munisipaliteit te herroep;
- Om voorsiening te maak vir prosedures, metodes en praktyke om brandveiligheid binne die regsgebied van die Munisipaliteit te reguleer.

Toepassing van hierdie Verordening

Hierdie Verordening is van toepassing op alle persone binne die regsgebied van die Munisipaliteit en sluit sowel formele as informele sektore van die gemeenskap en ekonomie in.

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie Verordening sluit woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in, sluit die enkelvoud die meervoud in en omgekeerd, geniet die Engelse teks voorrang in die geval van 'n teenstrydigheid tussen die verskillende tekste, en tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

“afskortingskeidingselement” 'n bou-element of komponent wat een area in 'n gebou van 'n ander skei en 'n brandweerstand het van minstens dié wat by die Nasionale Bouregulasies (T1), gelees met SABS 0400, vereis word;

“beheerowerheid” 'n brandweerhoof, 'n munisipale bestuurder of hulle onderskeie afgevaardigdes soos in artikels 2 en 3 van hierdie Verordening bedoel;

“bevolking” die bevolking wat ingevolge die Nasionale Bouregulasies (A21) bepaal is;

“bewaarplek vir vlambare stowwe” 'n bewaarplek wat vir die opberging van vlambare vloeistowwe gebruik word en wat voldoen aan die maatstawwe uiteengesit in artikel 49 van hierdie Verordening;

“bogronde opgaartenk” 'n tenk wat bo die grond geleë is vir die opgaring van 'n vlambare vloeistof;

“brandbare afval” brandbare afvalmateriaal wat herwin, behou of versamel kan word as afval of vir herverwerking en kan insluit alle brandbare vesels, hooi, strooi, hare, vere, dons, houtskaafsels, afdraaisels, alle tipes papierprodukte, vuil materiaalafsnysels en-afval, rubberafsnysels en- skuursels, metaalfyngoed en enige mengsel van bogenoemde items, of enige ander herwinbare brandbare afvalmateriaal;

“brandbare materiaal” brandbare afval, brandbare vullis of enige ander materiaal wat kan ontbrand;

“brandbare vullis” brandbare vullis, vuilgoed of materiaal wat weggegooi, geweier, verwerp of as waardeloos beskou word;

“**brandbeskermingstelsel**” enige toestel of stelsel wat ontwerp en geïnstalleer is om—

- (a) ’n brand op te spoor, te bestry of te blus; of
- (b) okkupeerders of die brandweerdienste, of albei, van ’n brand bewus te maak, maar uitgesonderd draagbare en mobiele brandblussers;

“**brandblusser**” ’n draagbare of mobiele herlaaibare houër wat ’n brandblusstof bevat wat uitspuit deur die werking van interne druk met die doel om ’n brand te blus;

“**branddemper**” ’n outomatiese demper en sy samestel wat voldoen aan die vereistes vervat in SABS 193;

“**branddeur**” ’n outomatiese of selfsluitende deur of luiksamestel wat spesiaal gebou is om die deurgang van vuur vir ’n bepaalde tydperk te voorkom;

“**brandgang**” die pad, roete of ander deurgang wat gebou of aangewys is om toegang vir noodvoertuie te bied;

“**brandgevaar**” enige situasie, proses, materiaal of toestand wat ’n brand of ontploffing kan veroorsaak of ’n geredelike brandstof toevoer kan verskaf om die verspreiding of intensiteit van die brand of ontploffing te vergroot en wat ’n bedreiging vir lewe of eiendom inhou;

“**brandmuur**” ’n muur wat die gevolge van brand vir ’n spesifieke tydperk kan weerstaan soos bedoel in die Nasionale Bouregulasies (T1), gelees met SABS 0400;

“**brandweerhoof**” die persoon in beheer van ’n diens, of die waarnemende hoof, soos in die Wet op Brandweerdienste bedoel;

“**diens**” ’n brandweerdienste soos in die Wet op Brandweerdienste omskryf;

“**eienaar**”—

- (a) met betrekking tot ’n perseel, uitgesonderd ’n gebou, ’n natuurlike of regspersoon wie se identiteit deur regswerking bepaal word;
- (b) met betrekking tot ’n gebou, ’n natuurlike of regspersoon op wie se naam die grond waarop sodanige gebou opgerig is of word of sodanige grond, na gelang van die geval, in die onderhawige aktekantoor geregistreer is;
- (c) met betrekking tot ’n installasie, ’n natuurlike of regspersoon op wie se naam ’n kontrak aangegaan is met betrekking tot die goedkeuring, oprigting en instandhouding van die installasie: Met dien verstande dat so ’n persoon nie die eienaar in (b) genoem is nie; en
- (d) indien die beheerowerheid nie in staat is om die identiteit van ’n persoon in (a), (b) en (c) bedoel te bepaal nie, enige persoon wat geregtig is op die voordeel van die gebruik van sodanige perseel, gebou of installasie of wat sodanige voordeel geniet;

“gebou”—

- (a) enige struktuur, hetsy van ’n tydelike of permanente aard en ongeag die materiaal wat by die bou daarvan gebruik is, wat opgerig is of gebruik word vir of in verband met—
- (i) die akkommodasie of gerief van mense of diere;
 - (ii) die vervaardiging, verwerking, opberging of verkoop van enige goedere;
 - (iii) die lewering van enige diens;
 - (iv) die vernietiging of behandeling van brandbare afval of brandbare vullis;
 - (v) die kweek of verbouing van enige plant of gewas;
- (b) enige muur, swembad, swemdam, reservoir of brug of enige ander struktuur wat daarmee verband hou;
- (c) enige brandstofpomp of enige tenk wat in verband daarmee gebruik word;
- (d) enige deel van ’n gebou, insluitende ’n gebou soos omskryf in paragraaf (a), (b) of (c);
- (e) enige fasiliteite of stelsel, of ’n deel of ’n gedeelte daarvan, binne of buite maar gepaardgaande met ’n gebou, vir die voorsiening van ’n watertoevoer, dreineringsriolering, stormwaterwegdoening, elektrisiteitsvoorsiening of ander soortgelyke diens ten opsigte van die gebou;

“gevaarhoudende goedere” ’n vlambare gas, vloeistof of vaste stof soos in SABS 0228 beoog;

“grens” enige laterale of straatgrens van ’n terrein;

“Grondwet” die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996);

“hierdie Verordening” ook die bylaes wat kragtens hierdie Verordening gepubliseer is;

“keermuur” ’n stuitmuur rondom ’n bogrondse opgaartenk, wat gebou is van ’n ondeurlatende materiaal en ontwerp is om 110% van die inhoud van die tenk te bevat;

“Munisipale Bestuurder” ’n persoon aangestel ingevolge artikel 82 van die Munisipale Strukturewet;

“Munisipale Stelselswet” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000);

“Munisipale Strukturewet” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998);

“Munisipaliteit” die Munisipaliteit Overstrand

“Nasionale Bouregulasies” die regulasies afgekondig kragtens artikel 17(1) van die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 1977), en beteken—

- (a) Nasionale Bouregulasies (A2) die bepalings rakende die voorlegging van bouplanne en besonderhede aan die Munisipaliteit;
- (b) Nasionale Bouregulasies (A20) die bepalings rakende die klassifikasie en aanwysing van okkupasies;
- (c) Nasionale Bouregulasies (A21) die bepalings rakende die bevolking van 'n gebou;
- (d) Nasionale Bouregulasies (T1) die bepalings rakende algemene vereistes vir brandbeskerming van 'n gebou; en
- (e) Nasionale Bouregulasies (T2) die bepalings rakende die misdrywe vir nie-nakoming van die Nasionale Bouregulasies (T1);

“Nasionale Padverkeerswet” die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996);

“nie-brandbaar” 'n stof of materiaal geklassifiseer as nie-brandbaar wanneer dit ooreenkomstig SABS 0177: Deel 5 getoets word;

“noodontruimingsplan” 'n plan wat spesifiek ontwerp is om te help met die ontruiming van okkuppeerders uit 'n gebou in geval van 'n brand of ander dreigende gevaar en wat verantwoordelikheid aan verskeie personeellede toewys, ontsnaproetes aandui wat gebruik moet word en voorsiening maak vir algemene gebeurlikhede vir die veilige en vinnige ontruiming van 'n gebou;

“noodroete” die deel van 'n ontsnaproete wat brandbeskerming bied aan die okkuppeerders van 'n gebou en wat na 'n ontsnapdeur lei;

“noodvoertuig” enige brandweer-, reddings-of ander voertuig wat bedoel is vir gebruik by brande en ander dreigende gevare;

“okkupasie” die bepaalde gebruik of tipe gebruik waarvoor 'n gebou of deel daarvan normaalweg aangewend word of bedoel is om aangewend te word soos in die Nasionale Bouregulasies (A20) bepaal;

“okkupasieskeidingselement” 'n bou-element of komponent wat een okkupasie in 'n gebou skei van 'n ander en wat 'n brandweerstand het van minstens dié vereis by die Nasionale Bouregulasies (T1), gelees met SABS 0400;

“okkupasie vir vermaak en openbare byeenkoms” 'n plek waar mense bymeekaarkom om te eet, te drink, te dans of aan ander ontspanning deel te neem;

“ondergrondse tenk” 'n tenk gebruik word of bedoel is om gebruik te word vir die opberging van vlambare vloeistof en wat heeltemal in die grond versink is en onder die oppervlak van die grond is;

“ontsnapdeur” die deur in 'n ontsnaproete wat op grondvlak regstreeks na 'n straat of openbare plek lei, of na 'n goedgekeurde oop ruimte wat na 'n straat of openbare plek lei;

“ontsnaproete” die hele roete van die verste punt in enige kamer in ’n gebou tot by die naaste ontsnapdeur en kan dit ’n noodroete insluit;

“ontsnaproeteplan” ’n diagram wat die vloeruitleg, die okkupeerder se huidige posisie en die roete na die naaste primêre en sekondêre ontsnaproetes in die gebou toon, asook die stappe wat gedoen moet word in die geval van ’n brand of ander dreigende gevaar;

“openbare pad” enige pad, straat of deurgang of enige ander plek (hetsy ’n deurgang al dan nie) wat algemeen gebruik word deur die publiek of enige gedeelte daarvan of waartoe die publiek of enige gedeelte daarvan toegangsreg het, en sluit die volgende in:

- (a) die rand van enige sodanige pad, straat of deurgang
- (b) enige brug, pont of dryfvaart wat deur enige sodanige pad, straat of deurgang deurkruis word, en
- (c) enige ander werk of voorwerp wat deel uitmaak van of verbind word met of behoort aan sodanige pad, straat of deurgang;

“openbare plek” enige plein, park, ontspanningsgrond of oop terrein wat—

- (a) by die Munisipaliteit berus;
- (b) die publiek die reg het om te gebruik, of
- (c) getoon word op ’n algemene plan van ’n dorpsgebied in ’n akteregistrasiekantoor of die kantoor van ’n landmeter-generaal en wat verskaf is vir of gereserveer is vir die gebruik van die publiek of die eienaars van erwe in sodanige dorpsgebied;

“operateur” die persoon verantwoordelik vir die gebruik van ’n motorvoertuig en wat geregistreer is as die operateur van so ’n voertuig ingevolge die Nasionale Padverkeerswet;

“opgaarhouer” ’n drukhouer soos omskryf in die regulasies vir drukhouers afgekondig kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid;

“outomatiese oophoulostoestel” ’n toestel wat gebruik word om ’n branddeur oop te hou en die branddeur toemaak wanneer ’n brand bespeur word;

“perseel” enige gebou, strand, grond, terrein, pad of voertuig en kan dit ’n vaartuig, trein of vliegtuig insluit;

“persoon in beheer”—

- (a) met betrekking tot ’n perseel, ’n natuurlike of regspersoon wat permanent of tydelik verantwoordelik is vir die bestuur, instandhouding of benutting van die perseel;
- (b) met betrekking tot ’n gebou, ’n natuurlike of regspersoon wat permanent of tydelik verantwoordelik is vir die bestuur, instandhouding of benutting van die gebou;
- (c) met betrekking tot ’n installasie, ’n natuurlike of regspersoon wat permanent of tydelik verantwoordelik is vir die bestuur of benutting van die installasie: Met dien verstande dat so ’n persoon nie die persoon in (a) bedoel is nie; en

- (d) indien die beheerowerheid nie in staat is om die identiteit van 'n persoon in (a), (b) en (c) bedoel te bepaal nie, enige persoon wat na die mening van die beheerowerheid geag word in beheer van sodanige perseel, gebou of installasie te wees;

“SABS-kodes” die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaard se SABS-praktykkodes en Spesifikasies uitgereik ingevolge die Wet op Standaard;

“Staat”:

- (a) enige departement van die staat of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike sfeer van regering, of
- (b) enige ander ampsbekleër of instansie wat
- (i) 'n gesag uitoefen of 'n funksie ingevolge die Grondwet of 'n provinsiale konstitusie verrig, of
- (ii) 'n publieke gesag uitoefen of 'n publieke funksie ingevolge enige wetgewing verrig, maar 'n hof-of regterlike amptenaar word nie hierby ingesluit nie;

“summiere bedwinging” om 'n toestand onmiddellik te evalueer as 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar vir lewe of eiendom en om te gelas dat sodanige toestand onmiddellik reggestel word;

“tenk”, vir die doeleindes van Hoofstuk 9 van hierdie Verordening, 'n houër wat permanent of tydelik op 'n voertuig gemonteer is of daarin ingebou is en wat so gebou is dat dit geskik is om vlambare vloeistof of gas as vrag te bevat;

“terrein” enige erf, lot, kleinhoewe, standplaas of enige ander stuk grond waarop 'n gebou opgerig is, word of gaan word;

“vlambare gas”, soos in SABS 0228 bedoel, 'n gas wat by 20 °C en teen 'n standaard druk van 101,3 kilopascal—

- (a) kan ontsteek in 'n mengsel van 13% of minder (per volume) met lug, of
- (b) 'n vlambare bestek met lug van minstens 12 persentasiepunte het, ongeag die laagste vlamperk;

“vlambare stof” 'n vlambare vloeistof of 'n vlambare gas;

“vlambare vaste stof”, soos in SABS 0228 beoog, 'n vaste stof wat maklik ontsteek word deur eksterne bronne soos vonke en vlamme, vaste stowwe wat geredelik brandbaar is, vaste stowwe wat 'n brand kan veroorsaak of daartoe kan bydra deur wrywing, of vaste stowwe wat gedesensitiseerde (benatte) plofstowwe is wat kan ontplof as dit nie voldoende verdun word nie;

“vlambare vloeistof” 'n vloeistof, of mengsel van vloeistowwe, of 'n vloeistof wat vaste stowwe in oplossing of in suspensie bevat, wat 'n vlambare damp afgee by of onder 60,5 °C enook 'n vloeistof binne die volgende gevaargroepe soos in SABS 0228 bepaal:

GEVAARGROEP GEGROND OP VLAMBAARHEID

1	2	3
Gevaargroep	Geslotebakkieflytpunt (°C)	Aanvanklike kookpunt (°C)
i	-	≤35 (°C)
ii	<23 (°C)	>35 (°C)
iii	≥23 ≤60.5 (°C)	>35 (°C)
iv	>60.5 – 100 (°C)	>35 (°C)

“**voertuig**” ’n voertuig soos omskryf in die Nasionale Padverkeerswet, en ook die volgende:

- (a) “**padtenkvoertuig**” ’n tenkvragsmotor, tenksleepwa of ’n kombinasie van ’n voorspanmotor en ’n tenkleunwa;
- (b) “**tenkleunwa**” ’n voertuig met ’n tenk daarop gemonteer of gebou as ’n integrale deel daarvan en so gebou dat, wanneer die leunwa deur ’n voorspanmotor of ander sleepwa gesleep word, deur ’n vyfdewielverbinding, ’n deel van die las op die sleepvoertuig rus;
- (c) “**tenksleepwa**” ’n voertuig met ’n tenk daarop gemonteer of gebou as ’n integrale deel daarvan en so gebou dat wanneer die tenksleepwa deur ’n tenkvragsmotor gesleep word, feitlik sy hele las op sy eie wiele rus;
- (d) “**tenkvragsmotor**” ’n enkele, selfaangedrewe voertuig met ’n tenk daarop gemonteer;
- (e) “**voorspanwa**” ’n selfaangedrewe voertuig wat gebruik word om ’n tenkleunwa te sleep, en
- (f) enige ander voertuig wat na die mening van die beheerowerheid ’n voertuig is soos in Hoofstuk 9 van hierdie Verordening bedoel.

“**Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid**” die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993);

“**Wet op Brandweerdienste**” die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet 99 van 1987);

“**Wet op Gevaarhoudende Stowwe**” die Wet op Gevaarhoudende Stowwe, 1973 (Wet 15 van 1973);

“**Wet op Standaarde**” die Wet op Standaarde, 1993 (Wet 29 van 1993).

HOOFSTUK 2

ADMINISTRATIEWE BEPALINGS

Administrasie en afdwinging

2. (1) Die brandweerhoof is verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van hierdie Verordening.
- (2) Waar daar nie ’n brandweerhoof ingevolge die Wet op Brandweerdienste aangestel is nie, is die munisipale bestuurder verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van hierdie Verordening.

- (3) Waar daar nie 'n diens in die regsgebied van die Munisipaliteit ingestel is nie, is die munisipale bestuurder verantwoordelik vir die administrasie en afdwinging van hierdie Verordening.

Delegering

3. (1) 'n Brandweerhoof kan enige bevoegdheid wat ingevolge hierdie Verordening aan hom verleen is, delegeer in ooreenstemming met artikel 19 van die Wet op Brandweerdienste.
- (2) 'n Munisipale bestuurder kan enige bevoegdheid wat ingevolge hierdie Verordening aan hom verleen is, delegeer in ooreenstemming met die delegeringstelsel van die Munisipaliteit wat ingevolge artikel 59 van die Munisipale Stelselwet ontwikkel is.

Afdwingingsbepalings

4. (1) 'n Beheerowerheid kan, wanneer dit nodig of dienstig ag word om dit te doen, enige perseel op enige redelike tyd betree om nakoming van hierdie Verordening te verseker.
- (2) 'n Beheerowerheid het die gesag om enige toestand wat 'n skending van enige bepaling van hierdie Verordening is en wat 'n onmiddellike brandgevaar of ander dreigende gevaar inhou, summier te bedwing.
- (3) 'n Beheerowerheid moet enige skending in subartikel (2) bedoel, regstel deur enige daad te verrig, en kan ook—
- (a) versoek dat die perseel onmiddellik ontruim word;
 - (b) gelas dat die perseel gesluit word tot tyd en wyl die skending reggestel is;
 - (c) gelas dat enige aktiwiteit gestaak word; en
 - (d) gelas dat die onmiddellike bedreiging verwyder word.
- (4) Enige koste van sodanige daad moet gedra word deur die persoon wat deur 'n beheerowerheid geag word vir die bestaan van sodanige toestand verantwoordelik te wees.

Gesag om te ondersoek

5. Ondanks enige andersluidende bepaling vervat in enige ander wet, het 'n beheerowerheid die gesag om die oorsaak, oorsprong en omstandighede van enige brand of ander dreigende gevaar te ondersoek.

Versuim om aan bepaling te voldoen

6. (1) Wanneer 'n beheerowerheid bevind dat daar nie-nakoming van die bepaling van hierdie Verordening is, uitgesonderd die situasie in artikel 4(2) bedoel, moet 'n skriftelike kennisgewing uitgereik word en dit moet die volgende insluit:
- (a) bevestiging van die bevindings;
 - (b) die bepaling van hierdie Verordening wat oortree word;

- (c) die regstellende stappe wat vereis word, en
 - (d) 'n datum vir nakoming.
- (2) 'n Lasgewing of kennisgewing wat ingevolge hierdie Verordening uitgereik word, moet beteken word deur persoonlike aflewering of per geregistreerde pos aan 'n persoon wat na die mening van die beheerowerheid geag word die geskikte persoon te wees.
- (3) Vir onbewaakte of verlate persele moet 'n afskrif van sodanige lasgewing of kennisgewing op 'n opvallende plek by of naby die ingang tot sodanige perseel opgeplak word en moet die lasgewing of kennisgewing per geregistreerde pos ge-pos word na die laaste bekende adres van die eienaar, die persoon in beheer van die perseel of albei.

Weiering, opskorting of intrekking van 'n goedkeuring of 'n sertifikaat

7. 'n Beheerowerheid kan 'n goedkeuring of 'n sertifikaat wat by hierdie Verordening vereis word, weier, opskort of intrek in die geval van—
- (a) versuim om aan die bepalings van hierdie Verordening vir die uitreiking van die goedkeuring of sertifikaat te voldoen; of
 - (b) nie-nakoming van die bepalings van die goedkeuring of sertifikaat.

Rekords benodig

8. Die veilige bewaring van alle tersaaklike rekords en dokumente is die veantwoordelikheid van die beheerowerheid.

Heffings

9. (1) Die Munisipaliteit kan die gelde bepaal wat betaalbaar is deur 'n persoon namens wie die beheerowerheid 'n diens gelewer het soos in artikel 10 van die Wet op Brandweerdienste bedoel.
- (2) Die Munisipaliteit kan gelde hef vir die verskaffing van 'n inspeksie, herinspeksie of enige ander diens asook die uitreiking van permitte, goedkeurings of sertifikate in ooreenstemming met die toepaslike plaaslike regeringswetgewing wat die hef van gelde reël.

Aanmelding van brandgevaar en ander dreigende gevaar

10. 'n Eienaar of die persoon in beheer van die perseel moet, by ontdekking van enige bewyse van 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar waarop hierdie Verordening betrekking het, die beheerowerheid onmiddellik in kennis stel.

HOOFSTUK 3

BRANDBESKERMING VAN GEBOUE

Algemeen

11. Die beheerowerheid moet ingevolge artikel 4(3) of artikel 6(1) van hierdie Verordening 'n oortreding van die Nasionale Bouregulasies rakende brand en die veiligheid van geboue bedwing.

Toegang vir noodvoertuie

12. (1) Wanneer 'n perseel na die mening van die beheerowerheid nie geredelik vanaf openbare paaie toeganklik is nie, moet dit voorsien word van toegang vir noodvoertuie en kan daar ondanks die bepalings van die Nasionale Bouregulasies (T1) vereis word dat dit aan die volgende voldoen:
- (a) 'n Toegangspad moet gebou word sodat dit die massa van die swaarste noodvoertuig kan dra wat nodig is om vir die risiko van die perseel voorsiening te maak.
 - (b) 'n Gemotoriseerde of elektronies beheerde hek moet op so 'n wyse toegerus word dat toegang tot die perseel verkry kan word sonder die gebruik van 'n motor of enige ander elektroniese toestel.
 - (c) Brandgange moet verskaf word vir alle persele wat meer as 45 meter van 'n openbare pad is of hoër as nege meter is en meer as 15 meter van 'n openbare pad is.
 - (d) Brandgange moet minstens vier meter breed wees, en die ligging van die brandgange moet beslis word na oorleg met die beheerowerheid, en die gebied van grondvlak tot 'n hoogte van vier meter bo die brandgang moet vry van obstruksies gehou word.
 - (e) 'n Doodloopstraat wat langer as 90 meter is, moet voorsien word van 'n minimum draaisirkel aan die doodlooppunt van die straat wat groot genoeg is vir die grootste noodvoertuig wat nodig om vir die risiko van die perseel voorsiening te maak.
- (2) Die ontwerp, merke, gebruik en instandhouding van brandgange wat nie deel van 'n openbare pad uitmaak nie, moet aan die vereistes van die beheerowerheid voldoen.
- (3) Dit is onwettig om 'n voertuig in 'n brandgang te parkeer of om 'n brandgang andersins te blokkeer.

Afskorting-en okkupasieskeidingslemente

13. 'n Eienaar of persoon in beheer van 'n gebou mag nie 'n afskorting-of okkupasieskeidingslement verander op 'n wyse wat dit minder doeltreffend sal maak of toelaat dat vlamme, hitte of verbrandingsprodukte na die aanliggende kompartement of struktuur deurdring nie.

Branddeure en -samestelle

14. (1) Behoudens die bepalings van SABS 1253 moet 'n branddeur en -samestel so in stand gehou word dat dit in geval van 'n brand sy integriteit, isolasie en stabiliteit sal behou vir die tydperk wat vir daardie bepaalde klas deur vereis word.
- (2) 'n Branddeur mag oop gehou word slegs wanneer dit toegerus is met 'n outomatiese oophoulostoestel wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is.
- (3) 'n Branddeur en -samestel mag nie minder doeltreffend gemaak word deur die volgende dade nie:
- (a) die integriteit, isolasie of stabiliteit van 'n bepaalde klas deur verander;

- (b) die selfsluitemeganisme ontkoppel;
- (c) die deur vaswig, blokkeer of versper sodat dit nie kan toemaak nie;
- (d) die smeltbare skakelaansitmeganisme van 'n deur verf;
- (e) 'n elektriese of elektroniese ont koppelmeganisme diskonnekteer of minder doeltreffend maak;
- (f) enige ander daad wat 'n branddeur of -samestel minder doeltreffend maak.

Ontsnaproetes

15. (1) 'n Komponent wat deel van 'n ontsnaproete uitmaak, soos die toevoerroetes, toegangsdeure, noodroetes en ontsnapdeure, mag op geen manier versper of minder doeltreffend gemaak word wat enige persoon kan hinder of verhinder om in die geval van 'n brand of enige ander noodgeval uit die gebou te ontsnap nie.
- (2) 'n Sluittoestel wat aan 'n toegangsdeur of 'n ontsnapdeur aangebring is, moet van 'n tipe wees wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is.
- (3) Waar die beheerowerheid dit vereis, moet 'n ontsnaproete duidelik aangedui word met tekens wat aan SABS 1186 voldoen en die rigting aandui waarin daar in die geval van 'n brand of enige ander noodgeval beweeg moet word.

Tente

16. (1) Voordat 'n tent opgerig en gebruik word as 'n okkupasie in die Nasionale Bouregulasies (A20) beoog, moet 'n aansoeker—
- (a) 'n aansoek ingevolge die Nasionale Bouregulasies (A2) vir die oprigting en gebruik van die tent aan die Munisipaliteit voorlê, en
 - (b) 'n aansoek vir 'n tydelike bevolkingsertifikaat ingevolge artikel 21 van hierdie Verordening aan die beheerowerheid voorlê.
- (2) Die aansoek wat ingevolge subartikel (1)(a) voorgelê word, moet aan die volgende voldoen:
- (a) Die tent moet minstens 4,5 meter van 'n grens, bewaarplek vir brandbare stowwe of brandbare materiaal opgerig word, en die beheerowerheid kan vereis dat hierdie afstand vergroot word indien die situasie dit vereis.
 - (b) Waar tente langs mekaar opgeslaan word, moet 'n onversperde minimum afstand van 4,5 meter tussen hulle verskaf word en waar van toepassing tussen die tentpenne en tenttoue van die naasliggende tente, ten einde toegang vir noodvoertuie te verskaf.
 - (c) Die vereistes uiteengesit in die Nasionale Bouregulasies (T1), moet in die volgende gevalle nagekom word:
 - (i) waar die bevolking van 'n tent meer as 25 mense is;
 - (ii) waar 'n tent gedurende die nag geokkupeer word;
 - (iii) vir sitplekreëlins en afmetings van gangetjies, en

- (iv) vir die verskaffing van brandblussers.
 - (d) Die bevolkingsdigtheid van 'n tent moet aan die Nasionale Bouregulasies (A21) voldoen.
 - (e) Geen voedselbereiding mag gedoen word nie in 'n tent wat deur die publiek geokkupeer word, en as voedselbereiding gedoen moet word, moet dit geskied in 'n afsonderlike tent of in 'n gebied waartoe die publiek nie toegang het nie.
 - (f) Daar mag geen oop vure in 'n tent gemaak word nie, en enige ander toestel wat vlamme afgee, soos 'n kers, lantern of fakkel, maar nie daartoe beperk nie, word in 'n tent toegelaat slegs na goedkeuring deur die beheerowerheid.
 - (g) Geen oop vuur of vlam word binne vyf meter van 'n tent, tentpen of tenttou toegelaat nie.
 - (h) Rook is verbode in 'n tent, en 'n "Rook Verbode"-teken moet prominent vertoon word by elke ingang en moet aan SABS 1186: Deel 1 voldoen.
 - (i) Verligting en bedrading wat in 'n tent geïnstalleer word, moet voldoen aan die vereistes uiteengesit in SABS 0142 op so 'n wyse dat dit nie direkte kontak maak met brandbare materiaal nie en die uitgestraalde hitte nie 'n ontbrandingsgevaar inhou nie.
- (3) Ondanks die bepalings van subartikels (1) en (2) kan die beheerowerheid die aansoeker versoek om aan bykomende vereistes vir die opslaan en gebruik van 'n tent te voldoen.

HOOFSTUK 4

BRANDVEILIGHEIDSTOERUSTING

Brandblussers

17. (1) Brandblussers moet verskaf en geïnstalleer word op 'n perseel soos deur die beheerowerheid vereis en in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies (T1) en (T2).
- (2) Brandblussers moet streng ooreenkomstig die vereistes van die regulasies kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, SABS 1475: Deel 1, SABS 1571, SABS 1573 en SABS 0105: Deel 1 in stand gehou word.
- (3) 'n Natuurlike of regspersoon mag nie 'n brandblusser ingevolge SABS 1475: Deel 1 volmaak, hervul, vernuwe, verander, herstel, inspekteer of toets nie tensy sodanige persoon die houer is van 'n permit uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde of 'n bevoegdheidsertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiesertifiseringskomitee.
- (4) Die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel mag nie toelaat dat 'n brandblusser volgemaak, hervul, vernuwe, verander, herstel, geïnspekteer of getoets word nie deur 'n persoon wat nie in besit is nie van 'n permit of sertifikaat in subartikel (3) bedoel.

- (5) Wanneer die beheerowerheid bevind dat 'n brandblusser volgemaak, hervul, vernuwe, verander, herstel, geïnspekteer of getoets is deur 'n persoon wat nie in besit is nie van 'n permit of sertifikaat in subartikel (3) bedoel, moet die beheerowerheid die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel gelas om die werk te laat doen deur 'n persoon wat in besit van so 'n permit of sertifikaat is.
- (6) Wanneer 'n brandblusser na die mening van die beheerowerheid onveilig of ondoeltreffend is as gevolg van agteruitgang, ontwerp of konstruksie, moet die beheerowerheid die eienaar of persoon in beheer van die perseel gelas om die toestel te laat inspekteer en toets ingevolge SABS 1475: Deel 1 en SABS 1571.
- (7) 'n Brandblusser mag nie van 'n perseel verwyder word om volgemaak, hervul, vernuwe, verander, herstel, geïnspekteer of getoets te word nie tensy die toestel tydelik vervang word deur 'n soortgelyke toestel in 'n goeie werkende toestand.
- (8) 'n Brandblusser mag nie geïnstalleer, uitmekaar gehaal, hervul, ontkoppel, versien, verander, herstel of getoets word in 'n gebied waar so 'n handeling 'n gevaar of bedreiging sal skep nie.

Toets en instandhouding van brandbeskermingstelsels

18. (1) 'n Brandbeskermingstelsel moet op 'n gereelde basis getoets en in stand gehou word en die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel moet 'n gedetailleerde rekord van die toets en instandhouding van die stelsel hou.
- (2) 'n Persoon mag nie 'n brandbeskermingstelsel toets nie voordat hy die okkupeerders van die betrokke perseel in kennis gestel het van die tye vir die begin en afhandeling van die toets en, waar van toepassing, die partye wat die brandbeskermingstelsel moniteer.
- (3) 'n Brandbeskermingstelsel wat ontwerp is om 'n brand op te spoor, te bestry, te beheer en te blus, moet in stand gehou word in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies (T2), gelees met 'n erkende nasionale kode of standaard, en by gebrek aan 'n nasionale kode of standaard moet 'n toepaslike internasionale kode of standaard gebruik word.
- (4) 'n Brandbeskermingstelsel mag nie geïnstalleer, uitmekaar gehaal, hervul, ontkoppel, versien, verander, herstel of getoets word in 'n gebied waar so 'n handeling 'n gevaar of bedreiging sal skep nie.
- (5) Die persoon wat die instandhouding van 'n brandbeskermingstelsel doen, moet die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel skriftelik in kennis stel van enige gebreke wat hy ontdek het en instandhouding wat gedoen is of nog gedoen moet word, en waar die persoon in beheer sodanige kennisgewing ontvang het, moet hy die eienaar onverwyld dienooreenkomstig inlig.
- (6) Die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel moet die beheerowerheid onmiddellik in kennis stel wanneer die brandbeskermingstelsel of 'n komponent daarvan ondiensbaar geraak het of aan diens onttrek is en moet die beheerowerheid in kennis stel sodra die stelsel herstel is.
- (7) Die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel moet alle stappe doen wat nodig geag word deur die beheerowerheid om alternatiewe toerusting te verskaf ten einde die vlak van veiligheid in die perseel te handhaaf.

Inmenging met en toegang tot brandbeskermingstelsels en brandblussers

19. 'n Persoon word nie toegelaat om 'n brandblusser of brandbeskermingstelsel minder doeltreffend, ondiensbaar of ontoeganklik te maak of daarmee te peuter of in te meng nie, behalwe soos wat nodig is tydens noodgevalle, instandhouding, oefening of voorgeskrewe toetsing.

Brandalarms en brandkrane

20. (1) Sonder vergoeding aan die eienaar van 'n betrokke perseel kan die beheerowerheid—
- (a) 'n brandalarm;
 - (b) 'n transmissie-instrument vir oproepe van brand of ander noodgevalle, of
 - (c) 'n transmissie-instrument om inwoners teen 'n brand of ander noodgeval te waarsku,
- aan enige gebou, muur, heining, paal of boom laat aanbring.
- (2) Sonder vergoeding aan die eienaar van 'n betrokke perseel kan die beheerowerheid die posisie van 'n brandkraan en brandalarm laat merk aan enige gebou, muur, heining, paal, boom, pad, randsteen of brandkraandeksel met 'n bord, dekal, metaalplaat of geverfde merker of op enige ander wyse.
- (3) Die beheerowerheid kan te eniger tyd 'n brandalarm, ander transmissie-instrument in subartikel (1) bedoel, bord, dekal, metaalplaat of geverfde merker laat verwyder sonder vergoeding aan die eienaar van die betrokke perseel.
- (4) 'n Ongemagtigde persoon word verbied om 'n brandalarm, ander transmissie-instrument in subartikel (1) bedoel, bord, dekal, metaalplaat of geverfde merker te verwyder, te ontsier, te verander of te beskadig of daarmee te peuter.
- (5) 'n Persoon mag nie 'n brandkraan minder doeltreffend, ondiensbaar of ontoeganklik maak of daarmee peuter of inmeng nie

HOOFSTUK 5**OPENBARE VEILIGHEID****Voorkoming en beheer van oorbevolking**

21. (1) Voordat 'n perseel vir vermaak of openbare byeenkoms gebruik word, moet die eienaar of persoon in beheer van sodanige perseel 'n aansoek om 'n bevolkingssertifikaat aan die beheerowerheid voorlê, soos in Bylae 2 van hierdie Verordening voorgeskryf.
- (2) Die beheerowerheid kan bykomende inligting van die aansoeker versoek.
- (3) Ondanks die bepaling van subartikel (1) kan die beheerowerheid die eienaar of persoon in beheer van die perseel gelas om aansoek te doen om 'n tydelike of 'n permanente bevolkingssertifikaat, indien die perseel gebruik word ten opsigte van enige ander okkupasie in die Nasionale Bouregulasies (A20) beoog.

- (4) 'n Tydelike bevolkingstifikaat is geldig vir 'n tydperk van hoogstens 30 kalenderdae.
- (5) Die beheerowerheid moet weier om die tydelike of permanente bevolkingstifikaat uit te reik as die perseel nie aan die vereistes van die Nasionale Bouregulasies (T1) voldoen nie, en waar die beheerowerheid van mening is dat die nie-nakoming van die perseel reggestel kan word, moet hy die eienaar of persoon in beheer van sodanige perseel skriftelik gelas om alle redelike stappe te doen om die perseel veilig te maak voordat die perseel gebruik word en die tydelike of permanente bevolkingstifikaat uitgereik word.
- (6) Indien die beheerowerheid te eniger tyd bewus word dat die gebruik van die perseel nie in ooreenstemming met die tydelike of permanente bevolkingstifikaat is nie, moet hy ingevolge artikels 4(2) of 6(1) en artikel 7 van hierdie Verordening optree.
- (7) Die tydelike en permanente bevolkingstifikaat is geldig net vir die perseel of deel van die perseel waarvoor dit uitgereik is, en wanneer veranderinge van okkupasie plaasvind of wysigings aangebring word aan die perseel waarvoor die stifikaat uitgereik is, moet die eienaar of persoon in beheer weer om die stifikaat aansoek doen in ooreenstemming met subartikel (1).
- (8) Die tydelike of permanente bevolkingstifikaat moet vertoon word op 'n duidelik sigbare en opvallende plek in of op die perseel waarvoor die stifikaat uitgereik is.
- (9) Die eienaar of persoon in beheer van die perseel moet oorbevolking voorkom deur die maksimum bevolking te beperk tot dit wat op die tydelike of permanente bevolkingstifikaat vermeld word.
- (10) 'n Persoon moet die perseel wat oorbevolk is, ontruim wanneer hy of sy gelas word om dit te doen deur die beheerowerheid of die eienaar of persoon in beheer van die perseel.

Bywoning van 'n diens

22. (1) Wanneer die beheerowerheid van mening is dat 'n diens teenwoordig moet wees tydens 'n funksie op 'n plek wat vir vermaak of openbare byeenkoms gebruik word, kan hy in belang van openbare veiligheid en behoudens die vereistes van die diens, een of meer lede, 'n voertuig of toerusting van 'n diens verskaf om vir die duur van die funksie of 'n deel daarvan op die perseel teenwoordig te wees.
- (2) Wanneer die bywoning van 'n diens tydens 'n funksie op 'n plek wat vir vermaak of openbare byeenkoms gebruik word koste behels, kan die koste wat deur die Munisipaliteit aangegaan is, in ooreenstemming met artikel 9 van hierdie Verordening verhaal word van die persoon in beheer van die funksie.

Formulering van 'n noodontruimingsplan

23. (1) Die eienaar of persoon in beheer van 'n skool, hospitaal, residensiële instelling, hotel, gastehuis, hostel of ander soortgelyke okkupasie wat 'n bevolking van meer as 25 persone (insluitende personeel) het, moet 'n noodontruimingsplan formuleer waarin die gepaste stappe uiteengesit word wat in die geval van 'n brand of ander dreigende gevaar deur die personeel of die okkupeerders gedoen moet word.

- (2) Die beheerowerheid kan die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel, uitgesonderd dié in subartikel (1) bedoel, gelas om 'n noodontruimingsplan te formuleer waarin die gepaste stappe uiteengesit word wat in die geval van 'n brand of ander dreigende gevaar deur die personeel of die okkuppeerders gedoen moet word.
- (3) Die plan in subartikels (1) en (2) bedoel, moet hersien word as 'n aspek daarvan nie meer toepaslik is nie of as die gebou waarvoor die plan ontwerp is, verander het.
- (4) Die noodontruimingsplan moet in sy geheel getoets word met 'n tussenpose van hoogstens ses maande of wanneer die plan hersien is, en 'n rekord van die toetsing moet in 'n register gehou word.
- (5) Die register in subartikel (4) bedoel, moet die volgende inligting bevat:
 - (a) die datum en tyd van die toets;
 - (b) die aantal deelnemers;
 - (c) die resultaat van die toets en enige regstellende stappe wat nodig is, en
 - (d) die naam en handtekening van die persoon wat oor die toets toesig gehou het.
- (6) Die register, tesame met die noodontruimingsplan, moet op die perseel beskikbaar wees vir insae deur die beheerowerheid.
- (7) Die beheerowerheid kan die formulering en implementering van die noodontruimingsplan evalueer en kan enige aanbevelings of regstellende stappe amptelik meedeel om die plan te verbeter of foute daarin reg te stel.

Vertoon van ontsnaproeteplanne

24. (1) In 'n hospitaal, residensiële instelling, hotel, gastehuis, hostel of ander soortgelyke okkupasie wat ontwerp of bedoel is vir gebruik deur pasiënte, inwoners of persone wat 'n tyd lank vertoef, ongeag die bevolking, moet die ontsnaproeteplan op 'n opvallende plek vertoon word in enige kamer wat vir slaapdoeleindes ontwerp is.
- (2) Die vertoning van ontsnaproeteplanne vir enige ander perseel is onderhewig aan die goedkeuring van die beheerowerheid.

Versperring van leë geboue

25. Die eienaar of persoon in beheer van 'n gebou of deel daarvan wat leeg is, moet alle brandbare afval of vullis daaruit verwyder en alle vensters, deure en ander openinge in die gebou sluit, versper of andersins beveilig tot tevredeheid van die Munisipaliteit, wat die skepping van 'n brandgevaar as gevolg van die betreding deur 'n ongematigde persoon sal voorkom.

HOOFSTUK 6

HUISHOUDING

Brandbare afval en vullis

26. (1) Die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel of 'n deel daarvan mag nie toelaat dat brandbare afval of vullis in enige gebied of op enige wyse ophoop sodat dit 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar skep nie.
- (2) Brandbare afval en vullis moet behoorlik opgeberg of weggedoen word ten einde 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar te voorkom soos voorgeskryf in die toepaslike wetgewing wat oor die opberging en wegdoening van daardie spesifieke tipe brandbare afval en vullis handel, of by gebrek aan toepaslike wetgewing, soos deur die beheerowerheid bepaal.

Stof

27. Die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel of deel daarvan mag nie toelaat dat stof ophoop in hoeveelhede wat 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar skep nie, en moet die stof opberg of wegdoen soos voorgeskryf in die toepaslike wetgewing wat oor die opberging en wegdoening van daardie spesifieke tipe stof handel.

Brandbare of vlambare stowwe en verbindings vir vee van vloere

28. (1) Ondanks enige andersluidende bepalings in enige ander wet mag slegs goedgekeurde waterbasisoplossings of -skoonmaakmiddels, verbindings vir die vee van vloere en vetabsorbeerders vir skoonmaakdoeleindes gebruik word.
- (2) Die gebruik van saagsels of soortgelyke brandbare materiaal om brandbare of vlambare stowwe op te suig wat in die loop van 'n proses gestort of gemors is, is verbode.

Aanpaksels in skoorstene, rookgaskanale en -gange

29. Die eienaar of persoon in beheer van die perseel of 'n deel daarvan mag nie toelaat dat roet of enige ander brandbare stof in sulke hoeveelhede in skoorstene, rookgaskanale en -gange van die perseel aanpak dat dit 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar skep nie.

Bronne van ontbranding

30. (1) Rook en die dra van vuurhoutjies, die gebruik van verwarmings-of ander toestelle wat 'n oop vlam gebruik of die gebruik van enige vonktoerusting is verbode in gebiede wat brandbare of vlambare stowwe bevat, en waar toerusting of gereedskap nodig is vir die verrigting of instandhouding van 'n bedrywigheid, moet dit intrinsiek veilig en spesifiek vir daardie doel ontwerp wees.
- (2) Warm as, sintel of smeulende kole moet in nie-brandbare houers geplaas word en die houers moet op 'n nie-brandbare oppervlak of staander geplaas word.
- (3) 'n Toereikende afstand, soos geskik geag deur die beheerowerheid, moet verskaf en gehandhaaf word tussen brandbare stowwe en verwarmings-of verligtingstoerusting of ander bronne van ontbranding.

- (4) Draagbare verwarmers moet beveilig word sodat dit nie kan omval nie, en die beheerowerheid kan die gebruik van draagbare verwarmers verbied ten opsigte van okkupasies of situasies waar sodanige gebruik of werking 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar sal skep.

Rook

31. (1) Indien daar toestande bestaan wat rook 'n brandgevaar op 'n perseel maak, is rook verbode en moet "Rook Verbode"-tekens vertoon word soos deur die beheerowerheid gelas, en die tekens moet aan SABS 1186: Deel 1 voldoen.
- (2) 'n Persoon mag nie 'n "Rook Verbode"-teken verwyder nie.
- (3) 'n Persoon mag nie 'n sigaar, sigaret, pyp, tabak of ander stof aansteek of rook nie of andersins ander materiaal aan die brand steek nie of enige brandende of smeulende stof hou, besit, weggooi of plaas nie op enige plek waar dit uitdruklik verbode is om dit te doen.
- (4) Waar rook toegelaat word, moet daar voorsiening gemaak word vir die veilige wegdoening van die rookmateriaal en vuurhoutjies ten einde die skepping van 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar te voorkom.
- (5) 'n Persoon mag nie 'n brandende vuurhoutjie, brandende sigaret of ander brandende materiaal of enige materiaal wat spontaan kan ontbrand, op 'n pad of enige ander plek weggooi, neersit of laat val nie.

Elektriese toebehore, toerusting en toestelle

32. (1) 'n Persoon mag nie 'n elektriese kragpunt laat oorlaai of toelaat dat dit oorlaai word nie.
- (2) 'n Persoon mag nie 'n elektriese toestel of verlengkoord op 'n manier wat waarskynlik 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar kan skep, laat gebruik of toelaat dat dit so gebruik word nie.

Oopvlamtoestel

33. 'n Persoon mag nie 'n oopvlamtoestel soos 'n kers, lantern of fakkel, maar nie daartoe beperk nie, op 'n manier wat waarskynlik 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar kan skep, laat gebruik of toelaat dat dit so gebruik word nie.

HOOFSTUK 7

BRANDGEVARE

Brandbare materiaal

34. (1) 'n Persoon mag nie enige brandbare materiaal of 'n vlambare stof, hetsy binne of buite die perseel, opberg, vervoer, gebruik of vertoon of veroorsaak of toelaat dat dit opgeberg, vervoer, gebruik of vertoon word nie in hoeveelhede of in 'n posisie of op 'n wyse dat dit waarskynlik 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar sal veroorsaak of skep nie.

- (2) Die eienaar of persoon in beheer van die perseel mag nie toelaat dat plantegroei daarop groei of ophoop of dat ander brandbare materiaal daarop ophoop nie op 'n wyse dat dit waarskynlik 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar sal veroorsaak nie.

Aansteek van vure en verbranding van brandbare materiaal

35. (1) Die aansteek van vure en die wegdoen van brandbare materiaal deur verbranding is verbode, uitgesonderd in die omstandighede in hierdie artikel uiteengesit.
- (2) 'n Persoon mag 'n vuur aansteek of 'n oopvlamtoestel gebruik vir die doel van voedselbereiding of vir enige ander huishoudelike doel op 'n wyse wat nie 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar sal veroorsaak nie of waar so 'n vuur nie deur enige ander wetgewing verbied word nie.
- (3) Die eienaar of persoon in beheer van die perseel wat gebruik word ten opsigte van 'n okkupasie van vermaak of openbare byeenkoms, moet toesien dat 'n kookvuur of oopvlamtoestel in aangewese gebiede geplaas word ten einde 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar te voorkom.
- (4) Verbranding kan plaasvind op Staatsgrond, 'n plaas, 'n kleinhoewe of grond binne 'n geproklameerde dorp wat nie vir woondoeleindes gebruik word nie, mits daar vooraf goedkeuring van die beheerowerheid verkry word, en daar moet skriftelik om sodanige goedkeuring aansoek gedoen word nadat goedkeuring verkry is ingevolge die toepaslike wetgewing in Bylae 3 uiteengesit.

HOOFSTUK 8

VLAMBARE STOWWE

Toepassing van hierdie Hoofstuk

36. Ondanks die bepalings van die Wet op Gevaarhoudende Stowwe of die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid reël hierdie Hoofstuk vlambare stowwe in die plaaslike regeringsfeer ten einde brandgevaar of ander dreigende gevare te voorkom en te verminder.

Opberging en gebruik van 'n vlambare stof

37. (1) Voor die konstruksie van 'n nuwe installasie of die verandering van 'n bestaande installasie, hetsy tydelik of permanent, vir die opberging van 'n vlambare stof moet die eienaar of persoon in beheer van die installasie 'n bouplan aan die Munisipaliteit voorlê in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies, en 'n afskrif van die goedgekeurde plan moet beskikbaar wees op die terrein waar die installasie gebou word.
- (2) Voor die ingebruikstelling van 'n bogrondse of ondergrondse opgaarteninstallasie, vloeibarepetroleumgasinstallasie of gepaardgaande pype moet die eienaar of persoon in beheer van die installasie verseker dat dit gedruktoets word in ooreenstemming met die bepalings van die Nasionale Bouregulasies (T1), SABS 0131: Dele 1 en 2, SABS 089: Deel 3 en SABS 087: Dele 1, 3 en 7 (wat ook al van toepassing is), in teenwoordigheid van die beheerowerheid.

- (3) Ondanks subartikel (2) kan die beheerowerheid vereis dat 'n bestaande bogrondse of ondergrondse opgaarteninstallasie, vloeibarepetroleumgasinstallasie of gepaardgaande pype gedruktoets word in ooreenstemming met die bepalings van die Nasionale Bouregulasies (T1).
- (4) Die beheerowerheid moet minstens 48 uur voor die druktoets in kennis gestel word.
- (5) Voor die verandering van die perseel wat die brandveiligheid van 'n bestaande bogrondse of ondergrondse opgaarteninstallasie, vloeibarepetroleumgasinstallasie of gepaardgaande pype beïnvloed, moet die eienaar of persoon in beheer van die perseel die beheerowerheid in kennis stel, wat kan vereis dat die perseel of installasie veilig gemaak moet word.
- (6) Die eienaar of persoon in beheer van 'n perseel mag nie—
 - (i) 'n vlambare gas van meer as 19 kilogram, of
 - (ii) 'n vlambare vloeistof van 'n gevaargroep (i), (ii), (iii) of (iv) van meer as 200 liter, opberg of gebruik nie tensy hy 'n sertifikaat vir vlambare stowwe van die beheerowerheid verkry het.

Sertifikaat vir vlambare stowwe

38. (1) Die eienaar of persoon in beheer van die perseel wat 'n sertifikaat vir vlambare stowwe nodig, in artikel 37(6) bedoel, moet 'n aansoek aan die beheerowerheid voorlê, soos in Bylae 2 van hierdie Verordening voorgeskryf.
- (2) Die beheerowerheid kan bykomende inligting van die aansoeker verlang.
 - (3) Die beheerowerheid moet weier om die sertifikaat vir vlambare stowwe uit te reik indien die perseel nie aan die vereistes van die Nasionale Bouregulasies (T1) asook bykomende vereistes in hierdie Verordening uiteengesit, voldoen nie, en waar die beheerowerheid van mening is dat die nie-nakoming van die perseel reggestel kan word, moet hy die eienaar of persoon in beheer van die perseel skriftelik gelas om alle redelike stappe te doen om die perseel veilig te maak voordat die perseel in ooreenstemming met artikel 37(6) gebruik word en die sertifikaat uitgereik word.
 - (4) 'n Sertifikaat vir vlambare stowwe moet jaarliks hernu word voor of op die datum op die sertifikaat vir vlambare stowwe aangedui, en telkens wanneer die hoeveelheid of klas van die vlambare stowwe verander moet word of wanneer artikel 37(5) van toepassing is.
 - (5) Indien die beheerowerheid te eniger tyd bewus word dat die gebruik van 'n perseel nie in ooreenstemming met die sertifikaat vir vlambare stowwe is nie, moet hy ingevolge artikel 4(2) of 6(1) en artikel 7 van hierdie Verordening optree.
 - (6) Ondanks subartikel (5), wanneer na die mening van die beheerowerheid 'n vlambare stowwe opgeberg of gebruik word vir enige proses op 'n wyse wat gevaarlik is vir lewe of eiendom, of 'n installasie ongemagtig is, kan 'n bevel uitgereik word vir die verwydering van die vlambare stowwe of installasie van die perseel.

- (7) 'n Verskaffer mag nie vlambare stowwe aan die eienaar of persoon in beheer van die perseel verskaf nie tensy die eienaar of persoon in beheer van die perseel in besit is van 'n geldige sertifikaat vir vlambare stowwe wat deur die beheerowerheid uitgereik is.
- (8) 'n Sertifikaat vir vlambare stowwe is geldig net—
 - (a) vir die installasie waarvoor dit uitgereik is;
 - (b) vir die toestand van die perseel ten tyde van uitreiking, en
 - (c) vir die hoeveelhede in die sertifikaat vermeld.
- (9) Die sertifikaat vir vlambare stowwe moet te alle tye op die perseel beskikbaar wees vir insae.
- (10) Die beheerowerheid moet rekords hou van alle persele ten opsigte waarvan 'n sertifikaat vir vlambare stowwe uitgereik, gewysig of hernu is.

Permanente of tydelike boggrondse opgaartenk vir 'n vlambare vloeistof

39. (1) In hierdie artikel word net 'n permanente of tydelike boggrondse tenk wat vir die opberging van vlambare vloeistowwe gebruik word, gereguleer.
- (2) 'n Tydelike boggrondse opgaartenk, uitgesonderd by 'n massaopgaardepot, is na goeddunke van die beheerowerheid toelaatbaar volgens die meriete van die situasie, mits daar aan die volgende vereistes voldoen word:
- (a) Dit moet 'n kapasiteit van hoogstens 9 000 liter hê en mag nie vir die opberging van vlambare stowwe met 'n flitspunt onder 40 °C gebruik word nie.
 - (b) Dit moet vir 'n tydperk van hoogstens ses maande op die perseel wees.
 - (c) Die hele installasie moet voldoen aan SABS 0131: Deel 1 of SABS 0131: Deel 2, wat ook al toepaslik is.
 - (d) 'n Skriftelike aansoek tesame met 'n plan moet aan die beheerowerheid gestuur word minstens 14 dae voor die oprigting van die tenk, en skriftelike toestemming vir die oprigting van die tenk moet vooraf van die beheerowerheid verkry word.
- (3) Ondanks artikel 37(1), as 'n boggrondse opgaartenk met 'n groter kapasiteit nodig is of as die tenk 'n permanente installasie moet wees, moet 'n aanvaarbare rasonale ontwerp gebaseer op 'n tersaaklike nasionale of internasionale kode of standaard aan die Munisipaliteit voorgelê word vir goedkeuring ingevolge die Nasionale Bouregulasies (T1).
- (4) Die ontwerpvereistes en konstruksie van 'n permanente tenk moet in ooreenstemming met tersaaklike nasionale of internasionale kodes wees.
- (5) Die aangeslane kapasiteit van 'n permanente of tydelike tenk moet voldoende vryruimte bied om voorsiening te maak vir die uitsetting van die produk wat daarin gehou word as gevolg van die styging in temperatuur tydens opberging.

- (6) 'n Permanente of tydelike tenk moet minstens 3,5 meter van grense, geboue en ander vlambare stowwe of brandbare materiaal opgerig word.
- (7) 'n Permanente of tydelike tenk moet op stewige gelyk grond geplaas word en die grond moet sterk genoeg wees om die massa van die tenk en die inhoud daarvan te dra.
- (8) 'n Permanente of tydelike tenk moet 'n keermuur hê.
- (9) Voldoende voorsorgmaatreëls moet getref word om storting te voorkom wanneer 'n tenk volgemaak word.
- (10) Voldoende brandblussers, soos deur die beheerowerheid bepaal, moet in weervaste kaste naby 'n tenk verskaf word.
- (11) Simboliese veiligheidstekens wat "Rook verbode", "Geen kaal ligte" en "Gevaar" aandui, moet by 'n tenk verskaf word, en die tekens moet aan SABS 1186: Deel 1 voldoen.
- (12) Die vlambare vloeistof in die tenk moet duidelik geïdentifiseer word deur gebruik te maak van die Hazchem-plakkate in SABS 0232: Deel 1 gelys.
- (13) 'n Elektriese of 'n binnebrandenjinaangedrewe pomp moet verskaf word en so geplaas word dat die gevaar dat die vlambare vloeistof kan ontsteek, uitgeskakel word.
- (14) Die elektriese installasie wat met die bogrondse opgaartenk gepaard gaan, moet aan SABS 0108 en SABS 089: Deel 2 voldoen.

Ondergrondse opgaartenk vir 'n vlambare vloeistof

40. Die installasie van ondergrondse opgaartenks, pompe, voerders en pype by vulstasies en verbruikersinstallasies moet in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies (T1) gelees met SABS 0400, SABS 089: Deel 3 en SABS 0131: Deel 3 wees.

Massaopgaardepot vir vlambare stowwe

41. Die hantering, opgaring en verspreiding van vlambare stowwe by grootmaatdepots moet in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies (T1) gelees met SABS 089: Deel 1 wees.

Klein installasies vir vloeibare petroleumgas

42. Vloeibarepetroleumgasinstallasies wat gasopbergingshouers met 'n individuele waterkapasiteit van hoogstens 500 liter en 'n gekombineerde waterkapasiteit van hoogstens 3 000 liter per installasie behels, moet in ooreenstemming met SABS 087: Deel 1 geïnstalleer en hanteer word.

Vloeibarepetroleumgasinstallasies in mobiele eenhede en klein nie-permanente geboue

43. 'n Vloeibarepetroleumgasinstallasie in mobiele eenhede en klein nie-permanente geboue moet in ooreenstemming met SABS 087: Deel 2 wees.

Brandstofvoorsiening aan vorkhyswaens en ander vloeibarepetroleumgasaangedrewe voertuie

44. Die brandstofvoorsiening aan vorkhyswaens en ander vloeibarepetroleumgasaangedrewe voertuie moet in ooreenstemming met SABS 087: Deel 8 wees.

Die opberging en volmaak van hervulbare vloeibarepetroleumgashouers

45. Opbergings-en volmaakterreine wat vir hervulbare vloeibarepetroleumgashouers met 'n kapasiteit van hoogstens 9 kg gebruik word, moet in ooreenstemming met SABS 087: Deel 7 wees.

Massahouer vir vloeibare petroleumgas

46. Die uitleg, ontwerp en bedryf van installasies vir die opberging van 'n massavloeibarepetroleumhouer en verwante fasiliteite moet in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies (T1) gelees met SABS 087: Deel 3 wees.

Beëindiging van die opberging en gebruik van vlambare stowwe

47. (1) As 'n bogrondse of ondergrondse tenkinstallasie, vloeibarepetroleumgasinstallasie of verwante pype nie meer vir die opgaring of gebruik van 'n vlambare stof nodig is nie, moet die eienaar of persoon in beheer van die perseel waarop die installasie opgerig is—
- (a) binne sewe dae na die beëindiging, die beheerowerheid skriftelik daarvan in kennis stel;
 - (b) binne 30 dae na die beëindiging, die vlambare stowwe van die installasie verwyder en dit veilig maak;
 - (c) binne ses maande na die beëindiging, die installasie, insluitende enige verwante pype, volledig vanaf die perseel verwyder, tensy die beheerowerheid anders gelas, en
 - (d) 'n openbare voetpad of pad wat versteur is deur die verwydering, tot tevredenheid van die Munisipaliteit herstel binne 'n tydperk van sewe dae na afhandeling van die verwydering van die installasie.
- (2) Indien die verwydering van 'n ondergrondse tenkinstallasie die stabiliteit van 'n perseel nadelig raak, moet die eienaar of persoon in beheer van die installasie skriftelik by die beheerowerheid aansoek doen om die tenk met vloeibare sementflodder te vul.

Aanmelding van ongelukke

48. Indien 'n ongeluk plaasvind waarby 'n vlambare stof betrokke is en wat lei tot 'n brand, 'n ontploffing, storting of verlies van 'n vlambare stof, asook persoonlike besering of dood, moet die eienaar of persoon in beheer van die perseel die beheerowerheid onmiddellik in kennis stel.

Bewaarplekke vir vlambare stowwe

49. (1) Die konstruksie van 'n bewaarplek vir vlambare stowwe moet in ooreenstemming met die Nasionale Bouregulasies (T1) gelees met SABS 0400 wees.

- (2) Die vloer moet van betonkonstruksie of ander ondeurlatende materiaal wees en moet onder die deurvlak versink wees of 'n drumpel insluit
- (3) Die versinking of drumpel moet so diep of hoog wees dat dit in die geval van 'n storting die hoeveelheid vlambare vloeistof soos op die sertifikaat vir vlambare stowwe getoon en 'n bykomende 10% van die hoeveelheid in die sertifikaat vermeld, kan bevat.
- (4) Ondanks die Nasionale Bouregulasies (T1) gelees met SABS 0400—
 - (a) moet die daksamestel van 'n bewaarplek vir vlambare stowwe bestaan uit 'n betonblad wat 'n brandweerstand van twee uur kan bied, as dit deel van 'n ander gebou uitmaak;
 - (b) moet die ventilasie van 'n bewaarplek vir vlambare stowwe geskied deur die gebruik van lugstene in die buitemure in 'n verhouding van een lugsteen nominaal bokant die drumpelvlak en een lugsteen in die boonste derde van die muur per 5 m² van die muuroppervlakte of deel daarvan, sodat dampe nie in die bewaarplek kan versamel nie;
 - (c) moet die lugstene aan die binnekant en die buitekant bedek word met diggeweefde korrosiebestande draadgaas met 'n minimum maastelling van 1 100 per meter, en
 - (d) moet die draadgaas met metaalstroke, 'n metaalraam of sement in posisie gehou word.
- (5) Indien die beheerowerheid dit vereis, moet die bewaarplek vir vlambare stowwe geventileer word deur 'n meganiese ventilasiestelsel wat deur die Munisipaliteit goedgekeur is en aan die volgende vereistes voldoen:
 - (a) Die ventilasiestelsel moet intrinsiek veilig wees en 30 lugveranderings per uur verskaf en deurlopend funksioneer.
 - (b) Die waaieruittrekpunt moet nominaal bokant drumpelhoogte wees en moet uitblaas deur 'n vertikale metaalkanaal wat minstens 1 meter bo dakhoogte of minstens 3,6 meter bo grondvlak eindig, wat ook al die grootste is.
 - (c) Kanaalmateriaal wat buite die bewaarplek is maar verbind is met die res van die gebou, moet op die plek waar dit die bewaarplek verlaat, toegerus word met 'n branddemper met 'n brandweerstand van twee uur.
 - (d) Die kanaal moet so kort as moontlik wees en mag nie skerp draaie hê nie.
- (6) Ondanks die Nasionale Bouregulasies (T1), gelees met SABS 0400, moet 'n bewaarplek vir vlambare stowwe se deur gemaak wees van materiaal met 'n brandweerstand van twee uur, mits alle toepaslike veiligheidsafstande nagekom word, en die deur moet na buite oopmaak.
- (7) Indien die beheerowerheid dit vereis, moet 'n bewaarplek vir vlambare stowwe se deur 'n D-klas branddeur wees wat aan SABS 1253 voldoen.
- (8) Ondanks die Nasionale Bouregulasies (T1), gelees met SABS 0400, moet kunsmatige verligting in die bewaarplek vir vlambare stowwe geskied deur elektriese ligte met dampbestande toebehore waarvan die drade deur naatlose

- staalleipype loop, en die skakelaars vir sodanige ligte moet buite die bewaarplek geleë wees.
- (9) Geen ander elektriese apparaat mag in die bewaarplek vir vlambare stowwe geïnstalleer word nie.
 - (10) 'n Bewaarplek vir vlambare stowwe moet voorsien word van 'n skuiminlaat bestaande uit 'n snelinpaskoppeling van 65 millimeter en weekstaalpipe wat na die binnekant van die bewaarplek lei, en die skuiminlaat moet geïdentifiseer word deur middel van 'n teken met die woord "Skuiminlaat" in blokletters van 100 millimeter.
 - (11) Rakke wat in die bewaarplek vir vlambare stowwe opgerig word, moet van nie-brandbare materiaal wees.
 - (12) Die bewaarplek vir vlambare stowwe moet geïdentifiseer word deur die woorde "Bewaarplek vir Vlambare Stowwe—Flammable Store—Isitoro Indawo Yokugcina Izixhobo Ezithatha Lula Umlilo", en die toelaatbare hoeveelheid wat in die bewaarplek vir vlambare stowwe toegelaat word, aangedui in blokletters van 100 millimeter aan die binnekant en buitekant van alle deure wat regstreeks na die bewaarplek lei.
 - (13) Die eienaar of persoon in beheer van 'n bewaarplek vir vlambare stowwe moet verseker dat die bewaarplek vir vlambare stowwe se deure gesluit gehou word wanneer die bewaarplek nie gebruik word nie.
 - (14) 'n Persoon mag nie 'n bewaarplek vir vlambare stowwe binnegaan of toelaat dat dit binnegegaan word nie sonder die toestemming van die eienaar of persoon in beheer van die perseel.
 - (15) Voldoende brandblussers, soos deur die beheerowerheid bepaal, moet teen die buitemuur van die bewaarplek vir vlambare stowwe gemonteer word op 'n opvallende en maklik bereikbare plek.
 - (16) Enige handgereedskap wat in die bewaarplek vir vlambare stowwe gebruik word, moet intrinsiek veilig wees.
 - (17) 'n Persoon mag nie 'n bewaarplek vir vlambare stowwe vir enige ander doel as die doel wat op die sertifikaat vir vlambare stowwe aangedui word, gebruik of toelaat dat dit aldus gebruik word nie, tensy die bewaarplek nie as 'n bewaarplek vir vlambare stowwe gebruik word nie en die beheerowerheid in kennis gestel is deur die volgende prosedure:
 - (a) binne sewe dae na die beëindiging, stel die beheerowerheid skriftelik in kennis daarvan;
 - (b) binne 30 dae na die beëindiging, verwyder die vlambare stowwe uit die bewaarplek vir vlambare stowwe en maak dit veilig, en
 - (c) binne 30 dae na die beëindiging, verwyder alle tekens.
 - (18) Behoudens die bepalinge van hierdie artikel kan die beheerowerheid bykomende vereistes stel om die brandveiligheid van 'n bewaarplek vir vlambare stowwe te verbeter.

Hantering en opberging van houers

50. (1) Alle houers vir vlambare stowwe moet toe gehou word wanneer dit nie gebruik word nie.
- (2) 'n Persoon mag nie vlambare vloeistowwe uit 'n houer met 'n kapasiteit van meer as 20 liter neem nie tensy die houer met 'n behoorlik geseëldde pomp of kraan toegerus is.
- (3) Houers vir vlambare vloeistowwe moet geëtiketteer en gemerk wees met woorde en dekals wat die vlambare stowwe daarin vervat en die gevaar van die vloeistowwe aandui.
- (4) Houers vir vlambare vloeistowwe moet deur 'n bevoegde persoon gas-of dampvry verklaar word voordat enige verandering of herstelwerk daaraan gedoen word.
- (5) Alle houers vir vlambare stowwe moet so vervaardig en in stand gehou word dat dit redelikerwys veilig is teen beskadiging en dat lekkasie van vlambare stowwe of dampe daaruit voorkom word.
- (6) 'n Leë houer vir vlambare stowwe moet in 'n bewaarplek vir vlambare stowwe geplaas word.
- (7) Waar 'n bewaarplek vir vlambare stowwe nie vir die opberging van leë houers vir vlambare stowwe beskikbaar is nie, kan die beheerowerheid sodanige opberging in die ope lug toelaat, mits—
- (a) die opbergingsgebied in 'n posisie en so groot is dat dit na die mening van die beheerowerheid nie 'n brandgevaar of ander dreigende gevaar sal veroorsaak nie;
- (b) die opbergingsgebied goed geventileer en omring is deur 'n draadmaasheining en—
- (i) die heiningpale van staal of gewapende beton is;
- (ii) 'n hek het wat na buite oopmaak en wat gesluit gehou word wanneer dit nie gebruik word nie, en
- (iii) wanneer die vloeroppervlakte groter as 10 m² is, 'n bykomende ontsnaphek geïnstalleer is, toegerus met 'n grendel of ander soortgelyke sluittoestel wat van binne af sonder 'n sleutel oopgemaak kan word;
- (c) die opbergingsgebied vry is van plantegroei en 'n nie-brandbare stewige gelyk basis het;
- (d) 'n afstand van twee meter rondom die omheinde gebied vry is van gras, onkruid en soortgelyke brandbare materiaal;
- (e) wanneer die opbergingsgebied 'n dak het, die konstruksie van die dak en steunstruktuur van nie-brandbare materiaal is;
- (f) oop vlamme, sweiswerk, snywerk en rook verbode is in of naby die opbergingsgebied en tekens prominent vertoon word op die heining en aan SABS 1186: Deel 1 voldoen, en

- (g) brandbestrydingstoerusting geïnstalleer is soos deur die beheerowerheid bepaal.
- (8) 'n Leë houer vir vlambare stowwe moet dig toe wees met 'n prop of ander geskikte stopper.

Spuitkamers of -hokkies

51. 'n Spuitkamer of -hokkie of gebied aangewys vir die toediening van 'n vlambare stof moet op so 'n wyse gebou en toegerus wees dat dit voldoen aan die Algemene Gesondheidsregulasies uitgevaardig kragtens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid.

Vloeibarepetroleumgashouers

52. (1) 'n Vloeibarepetroleumgashouer moet vervaardig, in stand gehou en getoets word in ooreenstemming met SABS 087: Deel 1 en SABS 019.
- (2) 'n Vloeibarepetroleumgashouer moet op so 'n wyse gebruik en opgeberg word dat skade of lekkasie van vloeistof of damp daaruit voorkom word.
- (3) 'n Vloeibarepetroleumgashouer met 'n kapasiteit van hoogstens nege kilogram moet in ooreenstemming met SABS 087: Deel 7 volgemaak en opgeberg word.

HOOFSTUK 9

VERVOER VAN GEVAARHOUDENDE GOEDERE

Sertifikaat vir gevaarhoudende goedere

53. (1) Die operateur van 'n voertuig wat vir die vervoer van gevaarhoudende goedere ontwerp is, mag nie sodanige voertuig in die jurisdiksie van die beheerowerheid bedryf nie tensy hy 'n sertifikaat vir gevaarhoudende goedere verkry het wat deur 'n brandweerdienst ingevolge die Nasionale Padverkeerswet uitgereik is.
- (2) 'n Operateur van 'n voertuig in subartikel (1) bedoel, moet 'n aansoek aan die beheerowerheid voorlê soos in Bylae 2 van hierdie Verordening voorgeskryf.
- (3) Die beheerowerheid kan bykomende inligting van die aansoeker aanvra.
- (4) Die beheerowerheid moet weier om die sertifikaat vir gevaarhoudende goedere uit te reik indien 'n voertuig nie voldoen nie aan die vereistes van SABS 087: Deel 4, SABS 089: Deel 1, SABS 0230, SABS 1398 en SABS 1518 (wat ook al op die voertuig van toepassing is), en waar die beheerowerheid van mening is dat die nie-nakoming van 'n voertuig reggestel kan word, moet hy die operateur van 'n voertuig skriftelik gelas om alle redelike stappe te doen om die gebreke reg te stel alvorens die voertuig in ooreenstemming met subartikel (1) en die sertifikaat vir gevaarhoudende goedere gebruik word.
- (5) 'n Sertifikaat vir gevaarhoudende goedere moet jaarliks hernu word, voor of op die datum op die sertifikaat vir gevaarhoudende goedere aangedui of telkens wanneer groot instandhouding of herstelwerk aan die voertuig gedoen is.

- (6) Indien die beheerowerheid te eniger tyd bewus word dat die gebruik van 'n voertuig nie in ooreenstemming met die sertifikaat vir gevaarhoudende goedere is nie, moet hy ingevolge artikel 4(2) of 6(1) en artikel 7 van hierdie Verordening optree.
- (7) 'n Afsender mag nie 'n vlambare stof aan die operateur van 'n voertuig in subartikel (1) bedoel verskaf nie tensy die operateur in besit is van 'n geldige sertifikaat vir gevaarhoudende goedere wat deur die beheerowerheid uitgereik is.
- (8) 'n Geadresseerde mag nie 'n vlambare stof van 'n operateur van 'n voertuig in subartikel (1) bedoel, ontvang nie tensy die operateur aan die vereistes in subartikel (7) voldoen.
- (9) 'n Sertifikaat vir gevaarhoudende goedere is geldig slegs—
 - (a) vir die voertuig waarvoor dit uitgereik is;
 - (b) vir die toestand van die voertuig ten tyde van uitreiking, en
 - (c) vir die hoeveelhede op die sertifikaat vermeld.
- (10) Die sertifikaat vir gevaarhoudende goedere moet te alle tye vir insae beskikbaar wees in die voertuig in subartikel (1) bedoel.
- (11) Die beheerowerheid moet rekords hou van alle voertuie ten opsigte waarvan 'n sertifikaat vir gevaarhoudende goedere uitgereik, gewysig of hernu is.

HOOFSTUK 10

ALGEMENE BEPALINGS

Staat gebind

54. Hierdie Verordening bind die Staat en enige persoon in diens van die Staat.

Misdrywe en strawwe

55. (1) Enige persoon wat—

- (a) enige van die bepalings van hierdie Verordening oortree of versuim om daaraan te voldoen, of
- (b) enige bevel wat hierkragtens gemaak is of enige kennisgewing wat in verband hiermee beteken is, oortree of versuim om daaraan te voldoen,

is skuldig aan 'n misdryf en strafbaar met 'n maksimum boete of gevangenisstraf soos in die Wet op Brandweerdienste voorgeskryf.

- (2) Die oplegging van 'n straf vir enige oortreding verskoon nie die oortreding nie en die oortreding mag ook nie toegelaat word om voort te duur nie.
- (3) Die beheerowerheid moet 'n persoon wat skuldig bevind is, gelas om die betrokke oortreding of gebrek reg te stel binne 'n tydperk deur die beheerowerheid bepaal.

Herroeping van wette en voorbehoudsbepalings

56. (1) Die verordeninge in Bylae 1 vermeld, word hierby herroep in die mate in die derde kolom van Bylae 1 aangedui.
- (2) In geval van 'n botsing tussen die bepalinge van hierdie Verordening en die bepalinge van enige ander wetgewing geniet die bepalinge van hierdie Verordening voorrang.
- (3) 'n Sertifikaat wat uitgereik is, 'n skriftelike kennisgewing wat beteken is of enige ander afdwingingshandeling wat verrig is ingevolge 'n verordening wat by subartikel (1) herroep is binne ses maande voor die inwerkingtreding van hierdie Verordening, word geag 'n sertifikaat, kennisgewing of afdwingingshandeling te wees wat deur 'n beheerowerheid ingevolge hierdie Verordening uitgereik, beteken of verrig is.

Kort titel en inwerkingtreding

57. Hierdie Verordening heet die Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid en tree in werking op die datum van publikasie in die *Provinsiale Koerant*.

BYLAE 1

Herroeping van wette en voorbehoudsbepalings

Elke munisipaliteit sluit relevante informasie in hier

BYLAE 2

Vorms

- A. Aansoek om bevolkingsertifikaat
- B. Bevolkingsertifikaat
- C. Aansoek om sertifikaat vir vlambare stowwe
- D. Sertifikaat vir vlambare stowwe
- E. Aansoek om sertifikaat vir gevaarhoudende stowwe
- F. Sertifikaat vir gevaarhoudende stowwe

A. Aansoek om Bevolkingsertifikaat

Net vir amptelike gebruik Permanent / Tydelik (Skrap wat nie van toepassing is nie) Aansoek Nr. _____ Lêer Nr. _____						Munisipaliteit Overstrand					
<i>Aansoek om Bevolkingsertifikaat</i> Aansoek om 'n bevolkingsertifikaat word gedoen ingevolge artikel 21(1) van die Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid											
Naam van aansoeker:						Telefoon Nr.					
						Sel Nr.					
Naam van besigheid:						Telefoon Nr.					
						Sel Nr.					
Tipe besigheid, bv. kroeg, nagklub, ens.:											
Erf Nr.											
Op watter vloer van die gebou is die plek? bv. grond, 1ste, ens.											
Straatadres:											
Woorstads:						Kode					
Besonderhede van perseel											
Hoeveel vloere het die gebou?						Hoeveel vloere word deur die plek beslaan waarvoor hierdie aansoek gedoen word?					
Vierkante meter bruikbare oppervlakte per vloer van plek Dui 'n afsonderlike vierkante oppervlakte aan vir elke vloer wat deur die plek beslaan word in die blokkies hieronder						Verwagte bevolking Getal uitgange per vloer Dui uitgange per vloer afsonderlik aan in die blokkies hieronder					
Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()
1) Die Beheerowerheid kan weier om die sertifikaat waarom aansoek gedoen word, uit te reik as die perseel nie aan die vereistes van die Nasionale Bouregulasies voldoen nie. 2) Die Beheerowerheid kan enige bykomende voorwaardes voorskryf wat nodig geag word om die perseel veilig te maak voordat die sertifikaat uitgereik word. 3) Die sertifikaat is geldig net vir die perseel waarvoor dit uitgereik is en is nie oordraagbaar nie. 4) As die okkupasie of eienaarskap van die perseel verander, moet die eienaar of persoon in beheer aansoek doen om 'n nuwe sertifikaat.											
Handtekening van aansoeker											
Naam in drukskrif											
Datum											
Adres											
Vir Beheerowerheid (Handtekening)											
Naam in drukskrif											
Datum											
Sertifikaatgeld van R _____ is betaalbaar aan Munisipaliteit Overstrand opsigte van hierdie aansoek en die daaropvolgende inspeksie.											

B. Bevolkingssertifikaat

Net vir Amptelike gebruik Permanent / Tydelik (Skrap wat nie van toepassing is nie) Aansoek Nr.. _____ Lêer Nr. _____						Munisipaliteit Overstrand					
Bevolkingssertifikaat Hierdie bevolkingssertifikaat word uitgereik ingevolge artikel 21 van die Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid											
Naam van gesertifiseerde eienaar:						Telefoon Nr.					
						Sel Nr.					
Naam van gesertifiseerde besigheid:						Telefoon Nr.					
						Sel Nr.					
Okkupasie:											
Erf Nr.:											
Die plek is geleë op die vloer van die perseel (grond, 1 ^{ste} , 2 ^{de} , ens.)											
Straatadres:											
Voorstad:						Kode					
Besonderhede van Perseel											
Getal vloere in die gebou						Getal vloere deur die plek beslaan					
Vierkante meter bruikbare oppervlakte per vloer van die plek						Goedgekeurde bevolking					
						Getal uitgange per vloer					
Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()
						Maksimum bevolking per vloer					
						Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()	Vloer ()
1) Die sertifikaat word uitgereik ingevolge artikel 21 van die Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid en is geldig net vir die perseel waarvoor dit uitgereik is. 2) Indien die okkupasie of eienaarskap van die perseel verander, moet die eienaar of persoon in beheer aansoek doen om 'n nuwe sertifikaat. 3) Die sertifikaat moet op 'n duidelik sigbare en opvallende plek vertoon word in die perseel waarvoor dit uitgereik is.											

Vir Beheerowerheid (Handtekening)	
Naam in drukskrif	
Datum	

C. Aansoek om sertifikaat vir vlambare stowwe

Net vir amptelike gebruik		<h1>Munisipaliteit Overstrand</h1>	
Aansoek Nr. _____ Lêer Nr. _____			
<i>Aansoek om Vlambare Stof</i>			
Aansoek om die berging en gebruik van vlambare stowwe ingevolge artikel 38(1) van die Verordening op Gemeenskapsbrandveiligheid			
Naam van aansoeker:			
Handeldrywend as:			
Tipe besigheid, bv. winkel:			
ERF Nr.			
Straatadres:			
Voorstad:		Kode	
Wyse van berging	Hoeveelheid produkte per item	<i>Produk</i>	
Elke installasie/tenk of bewaarplek vir vlambare stowwe moet individueel vermeld word	bv. 1x23 m ³ -tenk, 5x5x48 kg VPG-spruitstuk, inhoud van bewaarplek vir vlambare stowwe	<i>bv. petrol, diesel, VPG</i>	
<i>Kyk keersy vir bykomende inligting</i>			
Opmerkings:			
Handtekening van aansoeker:			
Adres:			
Telefoon Nr.:			
Vir Beheerowerheid: (Handtekening)			
Naam in drukskrif:			
Sertifikaatgeld van R_____ is betaalbaar aan Munisipaliteit Overstrand ten opsigte van hierdie aansoek en die daaropvolgende inspeksie.			
Beheerowerheid: _____		Datum: _____	
Naam van ontvangende beampte: _____		Ampsbenaaming: _____	

E. Aansoekom sertifikaat vir gevaarhoudende stowwe

Net vir amptelike gebruik		Munisipaliteit Overstrand	
Aansoek Nr. _____ Lêer Nr. _____			
<i>Aansoek om Sertifikaat vir Gevaarhoudende Goedere ten opsigte van vlambare materiaal</i> Aansoek om 'n sertifikaat vir gevaarhoudende goedere ingevolge die Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)			
Adres van operateur			
Naam van operateur:			
Handeldrywend as:			
ERF Nr.:			
Straatadres:			
Voorstad:		Kode	
Stad:			
<i>Ligging van voertuig</i>			
ERF Nr.:			
Straatadres:			
Voorstad:		Kode	
Stad:			
Besonderhede van voertuig waarvoor 'n registrasiesertifikaat verlang word			
Tipe of klas voertuig:			
Voertuigregistrasienommer:			
Tarra			
Vrag			
Fabrikaat			
Getal tenks		Kapasiteit van tenks	
Jaar van vervaardiging van tenk			
Enjinnommer (indien van toepassing)		Onderstelnummer:	
Hoeveelheid vlambare stof wat vervoer gaan word			
Vlambare vloeistof (1)			
Vlambare gas (kg)		Vlambare vaste stof (kg)	
Opmerkings:			
Operateur (handtekening)			
Adres:		Naam in drukskrif:	
Telefoon Nr.:		Faks Nr.:	
Vir Beheerowerheid: (handtekening)			
<u>Net vir amptelike gebruik</u>			
Sertifikaatgeld is betaalbaar aan die Munisipaliteit Overstrand ten opsigte van hierdie aansoek en die daaropvolgende inspeksie.			
Handtekening van ontvangende beamppte _____		Datum: _____	
Naam van ontvangende beamppte: _____		Ampsbenaaming: _____	

F. Sertifikaat vir gevaarhoudende goedere

Net vir amptelike gebruik		Munisipaliteit Overstrand	
Aansoek Nr. _____ Lêer Nr. _____			
<i>Sertifikaat vir Gevaarhoudende Goedere ten opsigte van vlambare materiaal</i> Sertifikaat vir gevaarhoudende goedere uitgereik kragtens die Nasionale Padverkeersweg, 1996 (Wet 93 van 1996)			
Hierby word gesertifiseer dat die voertuig waarvan besonderhede hieronder verstrekk word, ondersoek is en dat daar bevind is dat dit voldoen aan die toepaslike dele van SABS 0230 vir die vervoer van vlambare stowwe, maar sodanige voertuig is aan alle ander toepaslike wetgewing onderhewig.			
Besonderhede van Operateur			
Naam van Operateur:			
Handeldrywend as:			
Straatadres:			
Voorstad:		Kode	
Stad			
Besonderhede van Voertuig			
Tipe of klas voertuig:			
Registrasienuommer:			
Registrasienuommer vir Gevaarhoudende Goedere			
Tarra			
Vrag			
Fabrikaat			
Getal tenks		Kapasiteit van tenks	
Jaar van vervaardiging			
Enjinnommer (indien van toepassing)		Onderstelnummer	
Hoeveelheid vlambare stof wat vervoer moet word			
Vlambare vloeistof (1)			
Vlambare gas (kg)			
Vlambare vaste stof (kg)			
Hierdie registrasiesertifikaat is nie 'n waarborg van geskiktheid van die voertuig wat hierin beskryf word nie en enige operateur, bestuurder of ander belanghebbende persoon moet hulself vergewis van die padwaardigheid, konstruksie en toestand van voormelde voertuig.			
Hierdie sertifikaat word uitgereik deur die Munisipaliteit Overstrand en is geldig tot _____			
Hernuwingsdatum: _____			
Vervaldatum: _____			
Beheerowerheid (handtekening): _____ Datum van uitreiking: _____			
Naam van uitreikende beampte (naam in drukskrif): _____ Ampsbenaming: _____			

BYLAE 3**Toepaslike wetgewing**

Met verwysing na artikel 35(4) –

Titel	Nr.
Wet op Voorkoming van Lugbesoedeling, 1965	Wet 45 van 1965
Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983	Wet 43 van 1983
Boswet, 1984	Wet 122 van 1984
Nasionale Wet op Bosse, 1998	Wet 84 van 1998
Nasionale Wet op Veld-en Bosbrande, 1998	Wet 101 van 1998
Nasionale Waterwet, 1998	Wet 36 van 1998

BYLAE 4**SABS-praktykkodes en Spesifikasies**

SABS-kode	Titel
SABS 019	Verplaasbare metaalhouers vir saamgeperste glas: Basiese ontwerpmaatstawwe, gebruik en instandhouding
SABS 087: Deel 1	Die hantering, bewaring en distribusie van vloeibare petroleumgas in huishoudelike, kommersiële en nywerheidsinstallasies Deel 1: Houers vir die bewaring van vloeibare petroleumgas met waterinhoudsvermoë van hoogstens 500 l en 'n gekombineerde waterinhoudsvermoë van hoogstens 3 000 l per installasie
SABS 087: Deel 3	Die hantering, bewaring en distribusie van vloeibare petroleumgas in huishoudelike, kommersiële en nywerheidsinstallasies Deel 3: Installasies vir vloeibare petroleumgas met bewaarhouers met individuele waterinhoudsvermoë van meer as 5 000 l per installasie
SABS 087: Deel 4	Die hantering, bewaring en distribusie van vloeibare petroleumgas in huishoudelike, kommersiële en nywerheidsinstallasies Deel 4: Grootmaatpadvervoer van VPG
SABS 087: Deel 7	Die hantering, bewaring en distribusie van vloeibare petroleumgas in huishoudelike, kommersiële en nywerheidsinstallasies Deel 7: Bewaar-en vulterreine vir houers van hervulbare vloeibare petroleumgas (VPG) met 'n inhoudsvermoë van hoogstens 9 kg
SABS 089: Deel 1	Die petroleumnywerheid Deel 1: Die massahantering, bewaring en distribusie van petroleumprodukte in bogrondse installasies
SABS 089: Deel 2	Die petroleumnywerheid Deel 1: Elektriese installasies in die distribusie-en bemarkingsektor
SABS 0105: Deel 1	Die klassifikasie, gebruik en kontrole van brandbestrydingsuitrusting Deel 1: Draagbare brandblussers
SABS 0108	Die klassifikasie van gevaarlike gebiede en die kies van apparaat vir gebruik in sulke gebiede
SABS 0131: Deel 2	Die bewaring en hantering van vloeibare brandstof Deel 2: Groot verbruikersinstallasies
SABS 0142	Die bedrading van persele
SABS 0177: Deel 5	Brandtoetse op materiaal, komponente en elemente wat in geboue gebruik word Deel 5: Nie-brandbaarheid by 750 °C van boumateriaal
SABS 193	Branddempers
SABS 0228	Die identifisering en klassifisering van gevaarlike stowwe en goedere

SABS-kode	Titel
SABS 0230	Vervoer van gevaarlike goedere — Inspeksievereistes vir padvoertuie
SABS 0232: Deel 1	Vervoer van gevaarlike goedere — Noodinligtingstelsels Deel 1: Noodinligtingstelsel vir padvervoer
SABS 0400	Die toepassing van die Nasionale Bouregulasies
SABS 1186: Deel 1	Simboliese veiligheidstekens Deel 1: Standaardtekens en algemene vereistes
SABS 1253	Branddeure en brandluike
SABS 1398	Padtenkwaens vir vlambare vloeistof met petroleum as basis
SABS 1475: Deel 1	Die produksie van vernude brandbestrydingstoerusting Deel 1: Draagbare hervulbare brandblussers
SABS 1518	Vervoer van gevaarlike goedere — Ontwerpvereistes vir padtenkwaens
SABS 1571	Vervoerbare hervulbare brandblussers
SABS 1573	Draagbare hervulbare brandblussers — Skuimtype brandblussers